

Regstellings: Hier is die korrekte feite

► In verlede week se berig oor die werker wat naby Franschhoek in 'n sloot versmoor het (*Eikestadnuus* 26 Januarie 2017, *Grondstorting-frats versmoor werker*) is daar berig dat die sloot 3,5 m diep was. Dit was inderwaarheid slegs 1,6 m.

Die werker na wie verwys is, se naam is George Mkochi en die persoon op die foto Gavin Chawarika. Die vorige instorting van die sloot het die vorige week plaasgevind en nie op dieselfde dag nie.

Eikestadnuus vra verskoning vir enige verwarring wat hierdeur

veroorsoak is.

► In dieselfde uitgawe is berig dat die DA ook tot die taalstryd by die Universiteit Stellenbosch (US) toegetree het (*DA asks SU to widen consultation pool in language policy debate*) met 'n versoek dat die konsultasie-basis oor taal verbreed moes word.

Dié versoek is reeds vroeër gerig toe die taalbeleid-voorstel nog 'n konsepweergawe was. Die berig kon dalk die indruk skep dat dit 'n nuwe versoek is en *Eikestadnuus* vra verskoning vir die moontlike verwarring.